(1)

NNNN
ZCZC 010 01621
AAHQ16 FAME 291600
MP244
M43/091 29/07/86

NUUSBRIEF JULIE 1986
--------------------

DIT WAS WEER N HEEL BEDRYWIGE MAAND ,DIT WAS VERJAARSDAE
DIT WAS N STAP OM DIE EILAND, DIT HET WEER VIR N SLAG BIETJIE
GESNEEU DIT IS NATUURLIMK NOG STEEDS KOUD MAAR DAARAAN RAAK
ONS NOU OOK AL GEWOOND. AUGUSTUS IS GLO DIE KOUDSTE SO ONS
GAAN NIE KLA OOR KOUE NIE,SO VAN KOUE GEPRAAT EK HET NOG
NIE EERS KLAAR GEPRAAT NIE, TOE IS DIE WERELD WIT VAN DIE
SNEEU,EN DIS TE PRAGTIG.MAAR DIS NOG STEEDS KOUD.
DAAR IS GEWERK OOK HOOR ,ARCHIE HET N STOOR GEBOU VIR AL
ONS 16MM FILMS ,LYK NOGAL HEEL NETJIES.JOHN HET SY
ENJINKAMER UITGEVERF,DIT IS WIT EN ROOI EN ORANJE EN AL
DIE KLEURE WAT N MENS NOOIT IN N WERKSWINKEL VERWAG NIE ,
MAAR DIT LYK BAIE NETJIES,N MENS SAL MOET V ER SOEK OM NOG
SO N WERKSWINKEL TE KRY.

ARCHIE EN ADRIAAN WAS OM DIE EILAND ,HULLE HET DIT NATUURLIK
VREESLIK GENIET ,ARCHIE HET SY VIDEO KAMERA OOK SAAM GEHAD
SO ONS HET NOU N VIDEO VAN OM DIE EILAND OOK EN DIS NIE SLEG
GEDOEN NIE.DIT HET OOK NATUURLIK NIE SONDER DIE OU NODIGE
VOORVALLETJIES VERLOOP NIE, SOOS DIT OOK MAAR GAAN.HIER IS MOS
NOU HIERDIE MIRES SULKE MODDERRIGE GROND GEDOENTES HIER
ORAL'S EN N MENS IS NOGAL GENEIG OM IN DIE GOED WEG TE SAK OF
VAS TE SIT ,VERAL AS N OU NOU NIE VAN DIE LIGSTE HIER
ROND IS NIE.NOU STAP DIE TWEE ,DAN KOM HULLE NOU BY EEN
VAN HIERDIE MIRES ,ARCHIE IS REDELIK SWAAR GELAAI VIDEO
KAMERA ENS.HY IS OOK NOU EEN VAN DIE MINDER LIGTE MENERE
HIER ROND,TERUG BY DIE MIRE ,DAN STAP ADRIAAN EWE RUSTIG
DEUR SONDER PROBLEME ,ANDER KANT UIT, DAN SMILE HY TE LEKKER
ARCHIE MOET NOG DEUR SIEN,NOU STAAN ADRIAAN DAAR AAN DIE
ANDER KANT,EN HIER KOM ARCHIE ,ADRIAAN WAG NOU NET DAT HY
MOET SINK DAN GENIET HY DIT NOU TERDE E,VOL VERTROUE PAK
ARCHIE DAN NOU DIE OU MIRETJIE AAN NET OM WEEREENS TOT ADRIAAN
SE PLESIER SO HIER IN DIE HELFTE ROND WEG TE SAK,DAN IS DIT
NOU EERS WEER N GESTOEI VAN N ANDER WER ELD OM DAAR UIT TE
KOM.

SO HET DIE TWEE DAN NOU OM DIE EILAND GESTAP,HULLE HET GLO
EEN DAG IN DIE MIS SO EFFE VEDWAAL TOE IS ALTWEEE IN N REUSE
MIRE IN ,NOU JA WIE TOE GESMILE HET WEET ONS ALMAL SEKER.
HULLE ARRIVEER TOE MOS NOU SO HIER BY DIE 6DE DAG BY
CAPE DAVIS HUT,ALLES VERLOOP GOED,KLAAR GE EET EN ALTWEE
VAN HULLE REEDS IN DIE BED ,LE NOU EN LEES OF GESELS OF
WAT OOK AL,EWE SKIELIK IS DAAR EEN VERSKRIKLIKE SLAGARCYI
VLIEG OM ,OM TOT SY VEBASIING TE SIEN DAT ADRIAAN PENS EN
POOTJIE S SLAAPSAK EN AL NETJIES OP DIE VLOER SIT, EN NOU
VRA ARCHIE JY HET TOG SEKER NIE UIT JOU BED GEVAL NIE
ADRIAAN NEE NOOIT EK WEET OOK NIE WAT GEBEUR HET NIE,
TOE EK WEER SIEN TOE SIT EK OP DIE GROND,SEKER MAAR FOUT
MET HIERDIE BED
O E NOG STEEDS GROOT KLIM HY TOE MAAR TERUG IN DIE BED ,
SO TUSSEN HAKIES DIT IS NOG DUBBEL BEDDENS OOK DAARBY, EN HULLE
HET NATUURLIK BO GSLAAP ,OF LAAT EK EERDER S E PROBEER SLAAP.
TWEE DAE LATER KOM HULLE TOE HIER BY DIE BASIS AAN NOG
HEEL , MAAR TAAMLIK VUIL NATUURLIK ,MAAR HULLE S E HULLE SAL
DIT VIR NIKS VERRUIL NIE. DIT WAS DAN NOU ARCHIE EN ADRIAAN
SE STAPPIE OM DIE EILAND.

NEIL SE WERK HET OOK NOOIT EINDE NIE,HY IS OP DIE OOMBLIK
BESIG OM G.P S TE VANG EN TE RING,DIT IS NOU GIANT PETRELS
SOOS HULLE NOU EINTLIK GENOEM WORD.HY SOEK NOU GEDURIG NA
VRYWILLEGERS OM HOM TE HELP VANG,EN DIT WORD OOK NET
IN DIE NAG GEDOEN ANDERS VLIEG DIE GOED WEG.EK EN JOHN BESLUUT
TOE DIS NOU NET DIE DING DIE ,PAK ONS GOED EN WEG IS ONS OM
OU NEIL BY KILDALKEY TE GAAN HELP G.P S VANG,ONS SIEN
NET VREESLIK UIT HIERNA ,JOHN VERTEL NOG SO EWE VAN DIE DAE
TOE HY NOG SPRINGHASE GEJAG HET,JA AS HIERDIE G.P S MAAR
NET GEWEET HET WAT VIR HLLE WAG.GEWAPEN MET KOPLIGTE EN
DIE NODIGE SLUIT ONS TOE NOU BY NEIL AAN,GWAPEN EN REG VIR
GROOT DINGE.NOU JA DIT GAAN TOE HEEL GOED ONS BEKRUIP HULLE
SO IN DIE DONKER EN VOORDAT HY NOG WEET WAT AANGAAN DAN HET
ONS HULLE.ALLES GAAN GOED TOTDAT JOHN, NADAT HY N HELE RUK
AGTER HIERDIE EEN G.P AAN WAS,ONS HOOR OF SIEN NIKS NIE,.
EWE SKIELIK KOM JOHN MET N VREESLIKE GEBLAAS EN GEHEIG WEER
BY ONS A,SPIERWIT IN DIE GESIG,EN NOU JOHN WAT IS DIT DAN
NOU,JOHN S E NET NEE HY IS KLAAR MET G.P S VANG DIS NIE
VIR HOM NIE.HY WIL NOU DADELIK TERUG GAAN.
ONS KAN NOU NET NIE VERSTAAN WAT AANGAAN NIE,
VRA TOE NOU HOEKOM HY NIE MEER WIL VANG NIE.HY S E MAN
EK IS NOG SO AGTER HIERDIE G.P. AAN TOE DRAAI HY MOS OM
HY WYS TOE SO N SLAG TANDE ,EN TOE BEGIN DIE DING MY TOE
SOMMER JAAG,KAN JY DIT GLO DIE G.P.JAAG MY HY PROBEER MY TOE
VANG,EK BESLUIT TOE NET DAAR VIR MY GAAN JY NIE VANG NIE
OU VO ELTJIE EN EK LAAT WAAI ,GN G.P.SAL MY VANG NIE.
DAAR HET JY DIT NOU ,EK HOOP NET NIE EK LOOP IN DAAI VO ELTJIE
VAS NIE,ONS BESLUIT TOE DAT NEIL EINTLIK N BAIE GEVAARLIKE
WERK HET.TOE MOES DAAR MAAR WEER ANDER VOLUNTEERS GESOEK
WORD.

NNNN
ZCZC 011 01621
AAHQ16 FAME 291600
MP244
M43/091

DIE LOGHNESS MONSTER IS AL IN DIE VORIGE NUUSBRIEF GENOEM MAAR DIE OU MONSTERTJIE HET INTUSSEN WEER HEELWAT OPSKUDDING VEROORSAAK.MARK WAS MOS EERSTE OM DIE GEDOENTE TE SIEN,MIN WETENDE WAT DIE UITEINDE VAN DIE OU SAKIE SOU WEES. DIT WAS NIE LANK NIE TOE STAP ANDRE MOS EENDAG SO EWE RUSTIG OP BOLUG TOE ,ROB HET NATUURLIK WEER IETS GEBREEK, EN TOE HY NOU WEER TERUG IS IN DIE BASIS,MOET ONS NOU TOT ALMAL BEHALWE MARK NATUURLIK , SE VERMAAK AANHOOR DAT ANDRE OOK DIE MONSTER GESIEN HET OF SO S E HY.ONS MAAK TOE EERS SEKER DAT ANDRE WEL NUGTER IS SIEN ,TOE LUISTER ONS NOU VERDER NEE JULLE SIEN EK SIEN TOE SULKE RIMPELS OP DIE WATER EN DIE DING BEWEEG TOE OOK SOMMER,JULLE SAL MY NIE GLO NIE MAAR DAAR WAS IETS DAAR GEWEES
SO ANDRE HET NOU OOK DIE MONSTER GESIEN ,EN HY GAAN GEE NOGAL GEREELD VIR DIE OUTJIE BROODKRUMMELS OOK HOOR ,HY S E DIE OU MONSTERTJIE IS AL TE MAL OOR DIE BROODKRUMMELS.
DIT WAS NIE LANK NIE TOE KOM JOHN EENDAG SO EWE DAAR BY DIE KOMBUIS INGESTAP EN S E HY HET OOK DIE DING GESIEN,DIE RIMPELS OP DIE WATER JY WEET???.DIT WAS
NOU NET GENOEG,ONS S E TOE VIR AL DIE MONSTER MANNE ONS GLO NIKS EN DAT ONS WIL FOTOS HE VOOR ONS IETS GAAN GLO,DIE DRIE VAN HULLE HOU NOU GREELD WAG DAAR BY DIE DAMMETJIE, KAMERAS GREED NET REG VIR AKSIE,MAAR NOU JA ONS WAG NOG STEEDS.
DIS DAN NOU AL OMTRENT OU NESSIE SOOS ONS DIE UWE GEDOOP HET.

VERJAARSDAE:EK HET DIE 20STE VERJAAR ,IN DIE EERSTE PLEK MOES EK NOOIT 21 OP HIERDIE EILAND GEWORD HET NIE,DIT WAS ONVERGEETLIK,MAAR EK WIL DIT NET NOOIT WEER OOR HE NIE. NEE DIT WAS N GROOOT PARTY EN EK SAL BESLIS NOOIT MY 21 VERGEET NIE.

ADRIAAN VERJAAR TOE MOS NOU DIE 23 ,NOU JA DIE MAN HET MOS GES E DAT HY GAAN SWEM OP SY VERJAARDAG,JA SWEM IN DIE SEE HIERDIE EINSTE SEE HIER BY ONS,.HY HET TOE NOU NIE JUIS N KEUSE GEHAD NIE SWEM MOES HY SWEM.ARCHIE IS TOE OOK SOMMER SAAM HY SO GLO OP SY VERJAARDAG OOK GESWEM HET, MAAR DAAR HET TOE NIKS VAN GEKOM NIE.RAAIT DIE TWEE MANNE IS TOE AF WATER TOE. ONS IS ALMAL AGTERNA KAMERAS DIE HELE TOETIE,DIT VAT HULLE OMTRENT SO HALFUUR OM TOT IN DIE WATER TE KOM ,MAAR EK S E NOG STEEDS DIS MALLIGHEID,MAAR HULLE WIL SWEM ,EK KRY NEF KOMBERSE EN HANDOEKE BYMEKAAR.HULLE IS TOE IN EN HULLE SWEM ,EN EK DINK NOG STEEDS DIS MALLIGHEID,MAAR HULLE MAAK DIT TOE ERKEN DAREM DAT DIE WATER KOUER AS KOUD WAS.NOU JA DIT WAS NIE N MONSTER STORIE NIE ,HULLE HET REGTIG GAAN SWEM,EN ONS HET DIE FOTOS.

DIT BRING MY DAN NOU BY ONS MONOPOLY STRYD SO WEEK OF WAT GELEDE.BESLUIT EEN AAND DAT DIT NOU WEER TYD IS VIR N MONOPOLY STRYD ALLES HET GOED EN WEL BEGIN ,ELKEEN NATUURLIK GEWAPEN MET SY BOTTELTJIE OF BLIK OF BLIKKE OF WAT JY DIT OOK AL WIL NOEM ,SOOS DIE AAND OOK NOU VERLOOP BEGIN HIERDIE BOTTELS EN BLIKKE EN GOETERS NOU PRAAT SIEN. DIS TOE MOS OU DAT DIE SPORTS BEGIN,EK HET IN MY LEWE NOG NOOIT SO N GEKROEK EN VERNEUKERY GESIEN DIT WAS IETS VERSKRIKLIKS,ALMAL HET SO VERNEUK EK KAN NIE EERS S E WIE DIE SKELMSTE IS NIE,N MENS KON NIE EERS DIE BANK VERTROU NIE,DIE BANK WAS NIEMAND ANDERS AS ANDRE NIE.DIT HET EERS HIER IN DIE VROE E OGGEND URE TOT N EINDE GELOOP. DIE NAGEVOLGE WAS NATUURLIK DIE VOLGENDE OGGEND DUIDELIK SIGBAAR DAAR IS TOE OOK BESLUIT DAT DAAR NIE TE VEEL MONOPOLY GESPEEL KAN WORD NIE ,WANT DIE MORNING AFTERS NA SULKE BESIGHEID,EN DIS NOU GROOT GELD WAARVAN ONS PRAAT,IS DAREM NET N BIETJIE TE ERG.

AS HULLE NIE MONOPOLY SPEEL NIE DAN HOU HULLE POLITIEKE DISKUSSIES TOT IN DIE VROEE OGGEND URE.DIT HET BEGIN AS N POLITIEKE PRAATJIE MAAR LATER HEEL UITGERAFEL TOT N BLOOT ALGEMENE UITRUILING VAN IDEES EN OOGPUNTE,DIT WAS DAN NOU ANDRE,JOHN,MARK EN ADRIAAN.ELKEEN WEER GEWAPEN MET N BOTTELTJIE OF BLIKKIE OF WAT OOK AL HET DIT TOE NOU BEGIN. DIT HET GEWOED TOT BAIE VROEG DIE OGGEND VAN DIE 29 JULIE SAAMSTEM KON HULLE BESLIS NIE ,WAAR DIT TOE NOU EINDLIK GEEINDIG HET EETBEK OOK NIE EINTLIK NIE,MAAR HULLE HET MAAR ALMAL BAIE MISRABEL GEVOEL TOE HULLE NOU EINDELIK WEER WAKKER GEWORD HET,EN HULLE HET NOG STEEDS NIE SAAM GESTEM NIE,SO EK DINK ON SAL MAAR LIEWER MONOPOLY SPEEL VOLGENDE KEER.

SOOS EK GES E HET DIT WAS HEEL OPWINDE DE MAAND,EN DIT WAS DAN JU LIE MAAND HIER OP MAR ON EILANDBIN KORT SAAMGEVAT.

DIE WEER VIR JULIE
------------------

| | |
|---|---|
| 1)TOTALE RE ENVAL. | : 1 0,1MM |
| 2)HOOGSTE REENVAL KWQ STE) | 26,5MM |
| 3)MA SIMUM TEMP M(08 STE) | 11,7 CELCUIS. |
| 4) I IMUM TEMP. (31 STE) | -2,2 CELCUIS. |
| 5)HO GSTE GEM.WINDSPOED OOR TYDPERK VAN EEN UUR.(06 DE) | 115KM/H (72M H L QP :05-11:0 |
| )HOOGSTE WINDSPOED (07 DE) -,DIE WIND HET IN WERKLIKHEID OORKER GEWAAI ,ONS WINDMETMR | 169KM/H (105MPH) |

I
VHKIDLZ

NUUSBRIEF DEUR:A.S.HEYSTEK.